

Effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoë van ABET-leerders

deur

MARLENE RIEKERT

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (MBK)

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE
(Departement Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe)**

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof G Van Wyk

Medeleier: Prof EJ Spamer

Oktober 2002

DANKBETUIGING

My dank gaan aan ons Hemelse Vader wat Sy hand oor hierdie studie gehou het en my versterk het tydens my pa se ontydige afsterwe. Hiermee word ook opregte dank en waardering betuig aan :

- ◆ My man, Sydney, vir sy onontbeerlike tegniese- en statistiese hulp en morele ondersteuning ten spyte van sy vol program.
- ◆ My kinders, Simone en Peter, vir hulle bemoediging en vertroue.
- ◆ Die ABET-Opleidingskool van Anglo Gold op Vaal Reefs vir die beskikbaarstelling van een ABET-groep wat as kontrolegroep vir die navorsing kon dien.
- ◆ My POK-kollegas, Eddie en Tersia, wat met die roudatavaslegging behulpsaam was.
- ◆ Professor C Lessing en Dr M Britz vir die taalversorging.
- ◆ Adri du Toit vir die professionele afronding.
- ◆ Professor EJ Spamer van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wat die dryfkrag en inspirasie agter hierdie studie was.
- ◆ Professor G van Wyk van die Universiteit van Pretoria vir sy bydrae en leiding.

OPSOMMING

TITEL	:	Die effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoëns van ABET-leerders
KANDIDAAT	:	Marlene Riekert
STUDIELEIER	:	Prof GJ van Wyk
MEDE-LEIER	:	Prof EJ Spamer
DEPARTEMENT	:	Biokinetika, Sport en Vryetydswetenskappe
GRAAD	:	MA (MBK)

'n Kleinspier-ontwikkelingsprogram is 'n program wat daarop gemik is om die fynspiere te ontwikkel ten einde die motoriese vermoëns en dus ook die fynmotoriese vaardighede te verbeter. Een van die primêre redes vir die ontwikkeling van motoriese vermoëns by die ABET-leerders is om die skryfvaardigheid te verbeter.

Die ABET (Adult Basic Education and Training)-leerders is volwassene leerders wat nooit die basiese onderwys en opleiding van formele onderrig as kind geniet het nie en moet die agterstand as volwassenes inhaal. Een van die probleme wat ongeletterde volwassenes ervaar, is die gebrek aan kleinspier- / fynmotoriese vaardigheid wat die aanleer van skrif sou vergemaklik. By beide geletterdheid en gesyferdheid is die korrekte vorming van die skrifbeeld (syfers en letters) uiters belangrik. Dit duur tans onnodig lank by die geletterdheidsopleiding van ABET-leerders om die skryfvaardigheid te bemeester, omdat daar nie in die ABET-programme voorsiening gemaak word vir die kleinspier-ontwikkeling nie.

Die literatuurstudie het aan die lig gebring dat leidende lande in volwassene basiese onderwys in die wêreld nie dieselfde agterstand by volwassenes ondervind as wat Suid-Afrika ondervind nie (as gevolg van Suid-Afrika se unieke politieke verlede, sowel as eiesoortige veelrassige en veelvolkige populاسie). Hierdie lande fokus hoofsaaklik op die funksioneel-ongeletterde volwassene, waar daar reeds 'n mate

van geletterdheid, soos lees, skryf en reken veronderstel word. Daar is nog geen literatuur beskikbaar of navorsing gedoen oor die onderwerp, hoe om die ABET-leerder se fynmotoriese vaardigheid / motoriese vermoëns effektief te ontwikkel nie en is die hoofmotivering vir hierdie studie.

In hierdie studie word twee groepe ABET-leerders met mekaar vergelyk om die effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram te bepaal. Die leerders van hierdie groepe was heeltemal ongeletterd en kon nog glad nie skryf, lees of reken nie, selfs nie in hulle eie moedertaal nie. Albei groepe is aanvanklik onderwerp aan 'n voortoets waar sekere motoriese vermoëns, soos die responsspoed, visueel-motoriese beheer en boonste ledemaatspoed en -behendigheid van beide groepe bepaal is. Die een groep ABET-leerders wat as die proefgroep van die studie gedien het, is blootgestel aan 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram oor 'n tydperk van sewe maande. Die kontrolegroep was tydens hulle opleiding nie blootgestel aan so 'n program in daardie tyd nie. Na afloop van die toetsperiode is albei groepe weer aan 'n natoets onderwerp en vasgestel dat die proefgroep by verre beter as die kontrolegroep presteer het. Hierdie verbetering was statisties beduidend op die 0.05-vlak.

Die oefeninge wat in die kleinspier-ontwikkelingsprogram gebruik is, is aangepas en 'n voorbeeld van so 'n ontwikkelingsprogram is aan die einde van die studie aanbeveel as deel van die aanvangsonderrig by alle ABET-leerders.

Sleutelwoorde:

<i>ABET-leerder</i>	<i>Volwassene</i>
<i>Ongeletterdheid</i>	<i>Volwassene basiese onderwys</i>
<i>Funksioneel-ongeletterdheid</i>	<i>Kleinspier-ontwikkelingsprogram</i>
<i>Motoriese vermoëns</i>	<i>Fynmotoriese vaardigheid</i>
<i>Perseptueel-motoriese vermoëns</i>	<i>Vingeroefeninge</i>

ABSTRACT

TITLE : The effect of a fine motor development programme on the motor abilities of ABET-learners

CANDIDATE : Marlene Riekert

SUPERVISOR : Prof GJ van Wyk

CO-SUPERVISOR : Biokinetics, Sport and Leisure Sciences

DEGREE : MA (HMS)

A fine motor development programme is a programme that is aimed at developing the fine motor muscles in order to improve the motor abilities and therefore also the fine motor skills. One of the primary reasons for the development of motor abilities with the ABET-learners is to improve the writing skills.

The ABET (Adult Basic Education and Training)-learners are adult learners who never enjoyed the basic education and training of formal tuition during their childhood and consequently have to make good this lag as adults. One of the problems that illiterate adults experience is the lack of fine motor / fine motor skills that would have made the acquisition of writing skills or script so much easier. The correct formation of the script image (figures and letters) is extremely important, both in literacy and numeracy. At present it takes an unnecessarily long time in the literacy training of ABET-learners to master the writing skills, as no provision was made for the fine motor development in the ABET-programmes.

The literature study brought to light that leading countries in adult basic education in the world do not experience the same lag in adults as South Africa is experiencing (as a result of South Africa's unique political past as well as a unique multiracial and multi-ethnic population). These countries focus mainly on the functional-illiterate adult where a degree of literacy such as reading, writing and arithmetic is already assumed. As yet there is no literature available or research done on the subject of

developing the ABET-learner's fine motor skills / motor abilities effectively, which is the main motivation for this study.

In this study, two groups of ABET-learners are compared with each other to determine the effect of a fine motor development programme. The learners of these groups were totally illiterate and could not read, write or count at all, not even in their mother tongue. Both groups were initially subjected to a pre-test where certain motor abilities such as response-speed, visual motor control and upper extremity-speed and dexterity were determined. The first group of ABET-learners, who served as the trial group of the study, was exposed to a fine motor development programme over a period of seven months. During their training, the control group was not exposed to such a programme. After the trial period, both groups were again subjected to a post-test where it was ascertained that the trial group performed far better than the control group. This improvement was statistically significant on the 0.05-level.

The exercises that were used in the fine motor development programme were adapted and an example of such a development programme was, at the end of the study, recommended as part of the elementary education of all ABET-learners.

Key words:

ABET-learner

Adult

Illiteracy

Adult basic education

Functional illiteracy

Fine motor development programme

Motor abilities

Fine motor skill

Perceptual motor abilities

Finger exercises

INHOUDSOPGAWE

TITELBLAD	i
DANKBETUIGINGS	ii
OPSOMMING.....	iii
ABSTRACT	v
INHOUDSOPGAWE.....	vii
LYS VAN TABELLE.....	x
LYS VAN FIGURE	xi
LYS VAN FOTO'S	xii
LYS VAN GRAFIEKE	xiii

Hoofstuk 1

1	DOEL EN PROBLEEM VAN STUDIE	1
1.1	INLEIDING.....	1
1.2	PROBLEEMSTELLING.....	2
1.3	DOEL VAN STUDIE.....	3
1.4	HIPOTESE	4
1.5	METODE VAN ONDERSOEK	4
1.5.1	Literatuurstudie	4
1.5.2	Empiriese ondersoek	5
1.6	BEGRIPSOMSKRYWING.....	6

Hoofstuk 2

2	LITERATUURSTUDIE.....	9
2.1	INLEIDING.....	9
2.2	VOLWASSENE BASIESE ONDERWYS.....	9
2.2.1	Geletterdheid	9
2.2.2	Volwassene-leer	10
2.2.3	Volwassene-leer teenoor Kinderleer	13

2.2.4	Die agterstand in ontwikkeling van vaardighede by die agtergeblewe, volwassene leerder	14
2.2.5	Die ontwikkeling van vaardighede ten opsigte van die bemagtiging van volwassenes, selfbeeld en ekonomiese ontwikkeling	16
2.2.6	ABET in ander lande.....	17
2.2.7	ABET in Suid-Afrika	23
2.2.8	Samevatting: Volwassene basiese Onderwys.....	26
2.3	MOTORIESE LEER	27
2.3.1	DEFINISIES.....	27
2.3.2	Motoriese vermoëns	29
2.3.3	Perseptueel-motoriese vermoëns	38
2.3.4	Motoriese leeroordrag.....	51
2.4	SAMEVATTING: MOTORIESE LEER	52

Hoofstuk 3

3	EMPIRIESE ONDERSOEK	54
3.1	INLEIDING.....	54
3.2	TOETSBATTERY	55
3.3	KLEINSPIER-ONTWIKKELINGSPROGRAM.....	68
3.3.1	Vingeroefeninge sonder die gebruik van apparaat	69
3.3.2	Vingeroefeninge met die gebruik van apparaat.....	73
3.4	FAKTORE WAT DIE KLEINSPIER-ONTWIKKELINGSPROGRAM EN ASSESSERING BEÏNVLOED.....	80

Hoofstuk 4

4	RESULTATE	82
4.1	INLEIDING.....	82
4.2	DATA-ANALISE: RESPONSSPOEDTOETS (SUBTOETS 6)	91
4.3	DATA-ANALISE: VISUEEL MOTORIESE TOETS	93
4.3.1	Knip 'n sirkel uit met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1)	93
4.3.2	Trek 'n lyn binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2)	95
4.3.3	Trek 'n lyn langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.3)	98
4.3.4	Trek 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4)	100
4.3.5	Teken 'n sirkel met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.5)	103
4.3.6	Teken 'n driehoek met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.6).....	105

4.3.7	Teken 'n horisontale diamant met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.7).....	107
4.3.8	Teken twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.8).....	109
4.4	DATA-ANALISE: BOONSTE LEDEMAATSPOED- EN -BEHENDIGHEIDSTOETS (SUBTOETS 8).....	112
4.4.1	Plaas pennies in 'n houertjie met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.1).....	112
4.4.2	Plaas pennies in twee houertjies met twee hande (subtoetsitem 8.2).....	114
4.4.3	Sorteer vormkaarte met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.3).....	116
4.4.4	Ryg krale met die voorkeurhand in (subtoetsitem 8.4).....	118
4.4.5	Verplaas pennetjies met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.5).....	120
4.4.6	Trek vertikale lyne met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.6).....	123
4.4.7	Maak kolletjies in sirkels met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.7).....	125
4.4.8	Maak kolletjies met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.8).....	127
4.5	SAMEVATTING VAN RESULTATE.....	129

Hoofstuk 5

5	SAMEVATTING VAN RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	132
5.1	INLEIDING.....	132
5.2	SAMEVATTING VAN RESULTATE.....	132
5.2.1	Responsspoed.....	134
5.2.2	Visueel-motoriese beheer.....	134
5.2.3	Boonste ledemaatspoed en -behendigheid.....	135
5.3	GEVOLGTREKKING	136
5.4	AANBEVELINGS	137
5.4.1	Riglyne vir 'n kleinspieroontwikkelingsprogram vir ABET-leerders	137
5.4.2	'n Voorbeeld van 'n kleinspieroontwikkelingsprogram vir die ABET-onderrig.....	142
5.4.3	Aanbevelings vir verdere navorsing	143
	BIBLIOGRAFIE	144
	BYLAES	153

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1	Uiteensetting van subtoets/item met maksimumtelling wat behaal kan word	84
Tabel 4.2	Beskrywende statistiek van die Proef- en Kontrolegroep se tellings in die Responspoedstoets (subtoets 6), Visueel-Motoriese Beheer (subtoets 7) en Boonste Ledemaatspoed- en behendigheidstoets (subtoets 8) tydens voor- en natoets	86-90
Tabel 4.3	Opsomming van resultate (natoets ten opsigte van voortoets) van Proef- en Kontrolegroep	131

Bylae

Tabel 1	<i>(Verander na Tabel 4.2 in Hoofstuk 4 - sien dus Tabel 4.2)</i>	
Tabel 2	Proefgroep	Voortoets van die Responspoed-, Visueel- Motoriese Beheer, en Boonste Ledemaat Spoed- en Behendigheidstoets (Subtoetse 6, 7, 8)
Tabel 3	Kontrolegroep	Voortoets van die Responspoed-, Visueel- Motoriese Beheer, en Boonste Ledemaat Spoed- en Behendigheidstoets (Subtoetse 6, 7, 8)
Tabel 4	Proefgroep	Natoets van die Responspoed-, Visueel Motoriese Beheer, en Boonste Ledemaat Spoed- en Behendigheidstoets (Subtoets 6, 7, 8)
Tabel 5	Kontrolegroep	Natoets van die Responspoed-, Visueel-Motoriese Beheer, en Boonste Ledemaat Spoed- en Behendigheidstoets (Subtoetse 6, 7, 8)
Tabel 6 en 7	Verskil tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir die Responspoedstoets (Subtoets 6)	
Tabel 8	Proefgroep	Verskil per subtoetsitem tussen voor- en natoets van die Visueel-Motoriese Beheer
Tabel 9	Kontrolegroep	Verskil tussen voor- en natoets per item vir subtoets 7
Tabel 10	Proefgroep	Verskil tussen voor- en natoets vir subtoets 8
Tabel 11	Kontrolegroep	Verskil tussen voor- en natoets per item vir subtoets 8

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1	Fases in die biologiese ontwikkeling van die mens.....	11
Figuur 2.2	SAQA (2001) - ABET vaardighede.....	16
Figuur 2.3	Klassifikasie van motoriese vaardighede.....	30
Figuur 2.4	Verskil tussen motoriese vaardighede en motoriese vermoëns.....	30
Figuur 2.5	Verskil tussen twee visuele sisteme.....	40
Figuur 2.6	Die komponente wat 'n rol speel in effektiewe beweging: 'n Aanpassing op Drowatzky (1981:34) se model.....	50
Figuur 3.1	Struktuur van die Bruininks-Oseretsky Motoriese Vaardigheidstoets.....	56
Figuur 3.2	Subtoets 6 – Responsspoedtoets: Korrekte posisie van proefpersoon en maskeerband.....	56
Figuur 3.3	Subtoets 6 – Responsspoedtoets: Responsspoedstok en posisie van die hande.....	57
Figuur 3.4	Subtoets 7 – Item 1: Sny sirkels uit met voorkeurhand.....	60
Figuur 3.5	Subtoets 7 – Item 2: Trek 'n lyn binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand.....	61
Figuur 3.6	Subtoets 7 – Item 3: Trek 'n lyn langs 'n reguit pad met die voorkeurhand.....	61
Figuur 3.7	Subtoets 7 – Item 4: Trek 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand.....	61
Figuur 3.8	Subtoets 7 – Item 5: Teken 'n sirkel met 'n die voorkeurhand oor.....	62
Figuur 3.9	Subtoets 7 – Item 6: Teken 'n driekhoek met die voorkeurhand oor.....	62
Figuur 3.10	Subtoets 7 – Item 7: Teken 'n horisontale diamant met die voorkeurhand oor.....	62
Figuur 3.11	Subtoets 7 – Item 8: Teken twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand oor..	62
Figuur 3.12	Subtoets 8 – Item 1: Plaas pennies in 'n houertjie met die voorkeurhand.....	63
Figuur 3.13	Subtoets 8 – Item 2: Plaas pennies in twee houertjies met twee hande.....	64

LYS VAN FOTO'S

Foto 3.1	Subtoets 8 – Item 3: Sorteër vormkaart met die voorkeurhand	65
Foto 3.2	Subtoets 8 – Item 4: Ryg krale met die voorkeurhand in.....	66
Foto 3.3	Vingermassering.....	69
Foto 3.4	Vinger-fleksie.....	70
Foto 3.5	Vinger-ekstensie	70
Foto 3.6	Polsgewrigsoepelheidsoefeninge met elmboë teen die sye	71
Foto 3.7	Polsgewrigsoepelheidsoefeninge met elmboë teen die sye	71
Foto 3.8	Polsgewrigsoepelheidsoefeninge met elmboë sywaarts gelig.....	71
Foto 3.9	Polsgewrigsoepelheidsoefeninge met elmboë sywaarts gelig.....	71
Foto 3.10	Hiperekstensie van vingers	72
Foto 3.11	Hiperekstensie van vingers	72
Foto 3.12	Spinnekop-klim-die-leer	72
Foto 3.13	Spinnekop-klim-die-leer	73
Foto 3.14	Spinnekop-klim-die-leer	73
Foto 3.15	Spinnekop-klim-die-leer	73
Foto 3.16	Spinnekop-klim-die-leer	73
Foto 3.17	Skryfhand perforeer figuur op polistireen.....	73
Foto 3.18	Skryfhand perforeer figuur op polistireen.....	73
Foto 3.19	Skryfhand perforeer figuur op polistireen.....	74
Foto 3.20	Tolletjebrei – korrekte uitvoering.....	75
Foto 3.21	Tolletjebrei – leerder het 1 meter gebrei	75
Foto 3.22	Vingerbord 1	76
Foto 3.23	Vingerbord 2.....	77
Foto 3.24	Vingerbord 3 – Standaardbord	78
Foto 3.25	Vingerbord 3 – Leerder se wysvinger gebuig tydens uitvoering	78
Foto 3.26	Vingerbord 3 – Leerder se vinger gestrek na aflewering	78
Foto 3.27	Responspoedapparaatjie	78
Foto 3.28	Kaartspel	79
Foto 5.1	Handtennis	139
Foto 5.2	Handtennis – Variasie stap 1	140
Foto 5.3	Handtennis – Variasie stap 2	140
Foto 5.4	Handtennis – Variasie stap 3	140
Foto 5.5	Pennetjebord	141

LYS VAN GRAFIEKE

Bylae

Grafiek 1	Proefgroep (Subtoets 6)	Vergelyking van voor- en natoets vir die Responsspoedtoets
Grafiek 2	Kontrolegroep	Vergelyking van voor- en natoets vir Responsspoedtoets (Subtoets 6)
Grafiek 3	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.1
Grafiek 4	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoets 7.1
Grafiek 5	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.2
Grafiek 6	Kontrolegroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 7.2
Grafiek 7	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.3
Grafiek 8	Kontrolegroep	Vergelyking van die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 7.3
Grafiek 9	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.4
Grafiek 10	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 7.4
Grafiek 11	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.5
Grafiek 12	Kontrolegroep	Vergelyking van die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 7.5
Grafiek 13	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.6
Grafiek 14		Vergelyking van die voor- en natoetstellings vir die kontrolegroep vir toets 7.6
Grafiek 15	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.7
Grafiek 16		Vergelyking van die voor- en natoetstelling vir die kontrolegroep vir subtoetsitem 7.7
Grafiek 17	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 7.8
Grafiek 18		Vergelyking van die voor- en natoetstelling vir die kontrolegroep vir subtoetsitem 7.8
Grafiek 19	Proefgroep	Vergelyking van die voor- en natoetsgemiddeldes vir visueel-motoriese beheer (subtoets 7)
Grafiek 20	Kontrolegroep	Vergelyking van die voor- en natoetsgemiddeldes van die vir Visueel-Motoriese Beheer (subtoets 7)
Grafiek 21	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.1
Grafiek 22	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.1
Grafiek 23	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.2
Grafiek 24	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.2
Grafiek 25	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.3
Grafiek 26	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.3

Grafiek 27	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.4
Grafiek 28	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.4
Grafiek 29	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.5
Grafiek 30	Kontrolegroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.5
Grafiek 31	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings vir subtoetsitem 8.6
Grafiek 32	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.6
Grafiek 33	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings vir subtoetsitem 8.7
Grafiek 34	Kontrolegroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoets 8.7
Grafiek 35	Proefgroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstelling vir subtoetsitem 8.8
Grafiek 36	Kontrolegroep	Vergelyking tussen voor- en natoetstellings per proefpersoon vir subtoetsitem 8.8
Grafiek 37	Proefgroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetsgemiddeldes vir subtoetsitem 8
Grafiek 38	Kontrolegroep	Vergelyking tussen die voor- en natoetsgemiddeldes vir subtoetsitem 8

HOOFSTUK 1

DOEL EN PROBLEEM VAN STUDIE

1. DOEL EN PROBLEEM VAN STUDIE

1.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse werksmag bestaan uit duisende werkers wat totaal ongeletterd of funksioneel-ongeletterd is. Ongeletterdheid is in Suid-Afrika een van die grootste tekortkominge onder die agtergeblewenes soos dit nou algaande bewys word deur die verpligte vaardigheidsoudits wat in fabriek, industrie en ondernemings gedoen word. Vaardigheidsontwikkeling in die werkplek is ook vanaf 2000 wetlik verpligtend (Skills Development Act No 97 of 1998) en daarom is dit van groot belang dat geletterdheidsprogramme effektief moet wees en dus maksimumresultate in minimumtyd moet kan lewer. Die Suid-Afrikaanse minister van onderwys sê: "No adult South African citizen should be illiterate in the 21st century, but millions will be unless we mobilise a social movement to bring reading, writing and numeracy to those who do not have it" (Barth, *et al*, 1999:1).

Sedert 1995 het die Suid-Afrikaanse regering en verskeie nie-regeringsorganisasies daadwerklik pogings aangewend om hierdie ongeletterde groepe te onderrig in basiese lees, skryf en rekenvaardighede. Alhoewel Suid-Afrika nog in die fase is waar hy eers sal moet poog om die ongeletterdheid onder sy volwassenes aan te spreek deur middel van leer- en onderrigprogramme, is volwassene leer 'n tendens wat hedendaags wêreldwyd toeneem.

Volgens Bowden en Merritt (1995), asook Seaman en Fellenz (1989) het die getal volwassene leerders wat tans deelneem aan formele onderrigprogramme deur tradisioneel kollege-leerprogramme, betekenisvol toegeneem. Volwassene leerders wat 25 jaar en ouer is, vorm tans 40% van die voorgraadse studente aan kolleges en universiteite in die VSA (Kasworm & Pike, 1994). Hierdie konsep staan bekend as andragogie en is deur Knowles (1980) gedefinieer as die kuns en wetenskap om volwassenes te help leer.

As die huidige Suid-Afrikaanse situasie egter met hierdie wêreldlande vergelyk word, word gevind dat die verskil daarin geleë is dat hierdie lande se volwassenes reeds ver gevorderd is wat betref geletterdheid, terwyl Suid-Afrika 'n enorme groep mense het, na beraming ± 10 miljoen, wat nie kan lees of skryf nie. Die doelwit van ABET (Adult Basic Education and Training), tans in Suid-Afrika, is om alle ongeletterde volwassenes te begelei tot ABET-vlak 4 wat gelykstaande aan graad 12 in die hoofstroomonderwys is.

In die opleiding van ongeletterde volwassene leerders het opleiers besef dat een van die groot probleme wat ondervind word, die onvermoë van die leerders is om korrek te skryf ten opsigte van die uitvoering van letters. Hulle vertoon aanvanklik baie ongekoördineerd en ervaar baie spierspanning met die skryf van letters. Dit het die vraag laat ontstaan of die feit dat hierdie volwassene leerders, wat nie soos kleuters blootgestel was aan basiese kleinspierontwikkeling van die hande nie, 'n agterstand ervaar wat nou na vore kom waar hulle vir die eerste keer leer skryf. Die noodsaaklikheid van kleinspierontwikkeling by die kleuter is 'n welbekende feit. Volgens Gallahue en Ozmun (1995) moet die basiese patrone vir skryf reeds van 6- tot 12-jarige ouderdom ontwikkel word. Kephart (1971) bevestig ook dat die kind se oog-handkoördinasie vir kleinspieraktiwiteite reeds op 6-jarige ouderdom ontwikkel moet word. Volgens Pienaar (1993) is dit reeds gedurende die junior primêre fase van skool dat baie aandag behoort gegee te word aan die ontwikkeling van die fundamentele vaardighede van die kind se beweging. Dit vorm dus die basis waarop meer komplekse vaardighede soos ingewikkelde speletjies, dans en gimnastiekaktiwiteite gebou moet word. 'n Kind wat oor 'n swak bewegingsbasis beskik, sal moeilik werklik meer komplekse bewegingspatrone effektief kan aanleer. Hierdie neuro-muskulêre vaardighede vorm weer die basiese boustene vir die bemeestering van 'n verskeidenheid sake soos skryf, skilder, die bespeel van 'n instrument en die gooi van 'n bal.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die skryfvaardigheid is 'n baie komplekse vaardigheid om aan te leer, en die opleiers van ongeletterde ABET-leerders besef dat hierdie volwassene leerders 'n agterstand ervaar omdat hulle nooit blootgestel was aan 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram soos

die meeste normale kleuters nie. Spamer (1999) het reeds in 'n loodsstudie vasgestel dat die ongeletterde ABET-leerder motories swak presteer ten opsigte van kleinspier-aktiwiteite in vergelyke met jeugleerders. Literatuur lewer afdoende bewyse dat motoriese ontwikkeling 'n voorvereiste is vir die ontwikkeling van groot- en kleinspiervaardighede.

Die navorser het bevind dat dit die gemiddelde ongeletterde ABET-leerder minstens twee tot drie jaar neem om die skryfvaardigheid aan te leer en te bemeester. Die meeste van die bestaande opleidingsprogramme vir ABET-vlak 1 is egter ontoereikend vir ongeletterde volwassenes omdat die meeste programme alreeds 'n mate van skryfvaardigheid by die leerder voorveronderstel. Daar bestaan dus 'n groot leemte betreffende fynmotoriese vaardigheidsontwikkeling by die huidige ABET-programme vir aanvangsonderwys van volwassenes.

Die vrae wat dus ontstaan, is:

- ◆ Watter effek sal 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die vingervaardigheid van ongeletterde ABET-leerders, wat nie die nodige motoriese- en fynmotoriese ontwikkelingsprogramme gedurende hul kinderjare ontvang het nie, hê?
- ◆ Moet 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardigheid in die ABET-geletterdheidsprogram geïntegreer kan word en watter komponente moet dit insluit?

1.3 DOEL VAN STUDIE

Met die aanbied van ABET-klasse aan ongeletterde volwassene leerders in die Potchefstroom omgewing is tot die gevolgtrekking gekom dat die leerders se fynmotoriese vaardigheid nie op standaard is nie. Aanvangs-ABET-programme sluit om te leer skryf onder andere in. Indien die volwassene leerder as jong kind nie die nodige fynmotoriese vaardighede ontwikkel het nie, is die vraag:

Indien hulle spesiale oefeninge vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede ontvang, sal dit hulle koördinasie, soepelheid, reaksietyd en ander motoriese vermoëns verbeter en indien wel, in watter mate? 'n Antwoord op hierdie vraag kan 'n wesenlike rol speel by die samestelling van toekomstige ABET-programme.

Uit die probleemstelling hierbo geskets, vloei die doelwitte van die ondersoek voort, naamlik:

- ◆ die daarstelling van 'n literatuurstudie oor relevante aspekte van volwassene basiese onderwys en motoriese- en fynmotoriese vermoëns van die ABET-leerder;
- ◆ die bepaling van die effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoëns van ABET-leerders.
- ◆ die daarstelling van riglyne vir 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardigheid van ABET-leerders.

1.4 HIPOTESE

- ◆ ABET-leerders het nie 'n agterstand in kleinspiervaardigheid wat belangrik is vir die aanleer van die skryfvaardigheid nie.
- ◆ Bestaande ABET-programme maak nie voorsiening vir die ontwikkeling van die fynmotoriese vaardigheid van die ABET-leerder nie.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen om hierdie studie 'n teoretiese verwysingsraamwerk te gee waarvandaan daar gewerk en waarna daar verwys kan word. Die twee terreine waarop daar gefokus is, is enersyds die volwassene leerder, basiese onderwys en geletterdheid en andersyds die motoriese en fynmotoriese vermoëns van die jeug- en volwassene leerder. Hoofstuk 2 bevat hierdie literatuurstudie.

Beskikbare, resente en relevante gedrukte en elektroniese bronne, vakkundige tydskrifte, wetenskaplike publikasies en ensiklopedieë, sowel as toepaslike wette word bestudeer om die nodige inligting te bekom. Van die bronne wat in die studie aangehaal is, mag daar enkeles wees wat 'n ou datum het, maar die vakkundige inligting wat daaruit bekom is, voeg beslis waarde toe tot die studie.

Sekere aspekte van die ABET-leerder soos ongeletterdheid is ook met ander lande vergelyk om die Suid-Afrikaanse situasie in konteks met die wêreld te plaas. Geen

studie kan aangepak word sonder om die agtergrond en die bespreking rondom die studie te evalueer nie; daarom is die agtergrond in hierdie literatuurstudie geskep sodat die ABET-leerder en sy fynmotoriese vermoëns in perspektief gesien kan word.

1.5.2 Empiriese Onderzoek

⇒ Proefpersone

Die proefgroep wat vir hierdie ondersoek gebruik is, is afkomstig uit twee ABET-skole van Potchefstroom (N=30) in die Noordwes provinsie, naamlik 'n groep van die Weermagbasis in Potchefstroom en 'n groep huishulpwerkers. Die kontrolegroep (N=32) is geselekteer uit 'n ABET-skool wat deur Anglo Gold bedryf word. Beide groepe was ongeletterd en is gedurende 'n voortoets en die natoets onderwerp aan 'n toetsbattery wat die fynmotoriese vermoëns meet. Die Bruininks-Oseretsky toetsbattery (1978) toets normaalweg drie hoofkomponente, naamlik grootspier-motoriese vermoëns, groot- en kleinspier- motoriese vermoëns en fynmotoriese vermoëns. Daar is in dié studie slegs op die fynmotoriese vermoëns gekonsentreer, aangesien die doel van die ondersoek was om te bepaal wat die effek van 'n ontwikkelingsprogram op die fynmotoriese vaardigheid van die ABET-leerders is. Na die aanvanklike voortoets het die proefgroep 'n ontwikkelingsprogram van sewe maande gevolg, wat bestaan het uit fynmotoriese aktiwiteite. Die proefpersone se ouderdomme het volgens hulle identiteitsdokumente gewissel tussen 20 en 64. Die gemiddelde ouderdom vir die proefgroep was ongeveer 40 jaar.

⇒ Kleinspier-ontwikkelingsprogram

Vir die fynmotoriese ontwikkeling vir ongeletterde ABET-leerders in die proefgroep is 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram opgestel wat die kleinspiere van die voorkeurhand /skryfhand versterk, die vingergewigte en polsgewrig meer soepel maak, asook die oog-hand koördinasie en reaksiespoed van die skryfhand bevorder. Die kernoefeninge waaruit die kleinspier-ontwikkelingsprogram bestaan, kan in twee groepe verdeel word, naamlik: *vingeroefeninge sonder die gebruik van apparaat*, onder andere vingermassering en oefeninge wat 'n hoër mate van koördinasie en waarnemingsvermoë verg. Die tweede groep is *vingeroefeninge met die gebruik van*

apparaat soos die druk van 'n tennisbal, die perforering van papier met 'n kopspeid, tolletjiebrei, vingerbordoefeninge en kaartspel.

Slegs 'n halfuur voor die aanvang van elke ABET-les is vir die vingeroefeninge gebruik. Die ABET-lesse was 2-uursessies, twee keer per week in die namiddae. Sommige oefeninge waar die hele groep gelyktydig aktief kan wees, is by elke les gedoen as standaardpraktyk. Die ander oefeninge, waar net een, twee of vier op 'n slag kan oefen, soos met die vingerborde is afgewissel en slegs by een uit elke vier lesse gedoen. Die oefeninge is oor 'n tydperk van 108 lesure (7 maande) volgehou. Elke proefpersoon kon dus maksimaal 27 ure se formele, gekontroleerde vingeroefeninge voor die aanvang van die onderrig doen.

⇒ **Toetsbattery**

Die Bruininks-Oseretsky-toets vir fynmotoriese (*fine motor*) vermoëns is gebruik (Bruininks, 1978). Die toets onderskei tussen drie komponente, naamlik responspoed, visueel-motoriese beheer, en spoed en behendigheid van boonste ledemate. 'n Totaal van 17 toetse word gebruik (sien hoofstuk 3). Die doel van hierdie toetsbattery is om die effektiewe motoriese funksionering van kinders tussen 4½ jaar en 14½ jaar te bepaal. Normaalweg word die toets gebruik om kinders tussen gemelde ouderdomme te toets om hul vlak van motoriese gereedheid te bepaal. Die doel van hierdie ondersoek was om te evalueer wat die effek van 'n kleinspiero-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoëns op ABET-leerders is.

⇒ **Data-analise**

Die resultate van die Bruininks-Oseretsky-toets op die fynmotoriese vaardigheid van die proef- en kontrolegroep in die voor- en natoets, word in hoofstuk vier geanaliseer. Die effek van die kleinspiero-ontwikkelingsprogram op die fynmotoriese vaardigheid van die proefgroep word bepaal deur die data met mekaar te vergelyk en word in hoofstuk vyf bespreek.

1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Hierdie studie is op die fynmotoriese vaardighede van die ABET-leerder gerig. Vervolgens dan 'n omskrywing van die akroniem, ABET en betrokke terme.

⇒ **ABET**

Adult Basic Education and Training, is die Volwassene Basiese Onderrig en Opleiding wat op die ongeletterde-, en die funksioneel-ongeletterde volwassene leerder gerig is.

⇒ **Volwassene**

Die term, volwassene leerder, kan ook deur verskillende kriteria beskryf word, en verskil van gemeenskap tot gemeenskap (Titmus, 1994):

- ◆ 'n volwassene kan gedefinieer word in terme van ouderdom, byvoorbeeld 21 of 18 jaar (kultureel)
- ◆ 'n persoon kan as 'n volwassene geklassifiseer word in terme van sy vermoë om sy verskillende rolle te vervul, byvoorbeeld sy politieke-, of sosiale rol.

In Suid-Afrika, volgens die ABET-wet (52 van 2000), word 'n mens as volwassene bestempel as hy 16 jaar en ouer is.

⇒ **ABET-leerder**

Die ABET-leerder word in Suid-Afrika eensyds as 'n *benadeelde* volwassene gesien wat nie die opvoeding en opleiding geniet het om gelyke geleenthede soos werk, sosiale aanvaarding en menseregte te hê nie en meestal die gevolg is van 'n sisteem of politieke beleid. Andersyds word ABET-leerder as 'n *agtergeblewene* beskou wat ook nie die opvoeding en opleiding as skoolpligtige geniet het nie, maar as gevolg van persoonlike omstandighede soos ver afstande van die skool, jeugswangerskap of skoolverlating die onderrig misgeloop het. Benadeelde of agtergeblewe volwassenes wat ouer as 16 is, het die reg op gratis onderwys tot en met ABET-vlak 4, naamlik die ABET-onderwys wat deur die Suid-Afrikaanse regering befonds word in die sogenaamde PALC's (Public Adult Learning Centres).

Die basiese vaardighede soos fynmotoriese vaardighede wat belangrik is vir die ontwikkeling van skryfvaardigheid is dus nie deur die ABET-leerder as kind ontwikkel nie, en moet dit as volwassene probeer inhaal.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2 LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gekyk na verwante literatuur om 'n teoretiese raamwerk daar te stel wat eerstens kan dien as agtergrond vir die navorsing van hierdie studie waar die teikengroep die ongeletterde, agtergeblewe volwassene-leerders is. Daar moet aan die einde van hierdie studie aangetoon kan word of 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram 'n effek op die fynmotoriese vaardighede van hierdie volwassenes gehad het en daarom word in hierdie hoofstuk eerstens veral besin oor aspekte rakende volwassene basiese onderwys soos die kognitiewe leervermoë van hierdie volwassenes, basiese geletterdheid, die situasie van ABET-leerders in ander lande en in Suid-Afrika en huidige wetgewing oor ABET.

Tweedens sal ook na die motoriese vermoëns, die aanleer van vaardighede, met die klem op aspekte soos fisieke groei en ontwikkeling en kleinspierontwikkeling by leerders gekyk word. Die feit dat daar nog geen literatuur oor kleinspierontwikkeling by die ABET-leerder bestaan nie, onderstreep die belangrikheid van die studie. Vervolgens word eers gekyk na enkele definisies rakende die ABET-leerder, geletterdheid en die verskille tussen volwassene- en kinderleer (jeugleer).

2.2 VOLWASSENE BASIESE ONDERWYS

2.2.1 Geletterdheid

Vir agtergeblewe volwassenes is ongeletterdheid en funksionele ongeletterdheid die grootste struikelblok in persoons- en loopbaanontwikkeling, daarom help talle ABET-verskaffers in Suid-Afrika soos Interman, Project Literacy en Self Empowerment International groot maatskappye met geletterdheidsopnames onder hulle werksmag. Die bevindinge is egter die eiendom van die ABET-verskaffers en die ondernemings en mag nie gepubliseer word nie. In Potchefstroom is by 'n groot, chemiese fabriek aan die einde van 2000 'n geletterdheidsopname gemaak wat aanleiding gegee het tot 'n ABET-begroting van ongeveer R300 000 per jaar om 100 leerders in ABET op te lei. Dit

onderskryf die belangrikheid van 'n geletterde werksmag vir besighede. Daar is egter ook massas werklose agtergeblewe volwassenes wat waarskynlik nooit in hulle lewens geletterdheid sal verwerf nie omdat daar eenvoudig nie befondsing vir doeltreffende ABET-opleiding is nie.

Volgens Lyster (1992) is 'n persoon per definisie geletterd as hy die noodsaaklike kennis en vaardigheid verwerf het wat hom in staat stel om deel te neem aan al daardie aktiwiteite waarin geletterdheid vereis word, vir effektiewe funksionering in die samelewing en wie se verworwe vermoë van lees, skryf en reken (gesyferdheid) van so 'n aard is dat hy dit verder kan gebruik in sy eie - en sy gemeenskap se ontwikkeling.

Brooke (1972) verwys na die tweede deel van die definisie as funksionele geletterdheid en beskryf die term *funksioneel* in hierdie konteks as die minimum vaardighede wat noodsaaklik is om by die groeiende kompleksiteit van beroepe en alledaagse rolle te kan inpas en te funksioneer. Geletterdheid skakel dus geleidelik oor na funksionele geletterdheid. Die dinamiese karakter van groeiende kompleksiteit van beroepe impliseer dat die werknemer voortdurend nuwe vaardighede moet leer om by te hou. Lewe (2000) rig 'n sterk pleidooi om die *voortdurende verbetering* van vaardighede in die werkplek. Sy sien verder enige tegniese, statistiese vaardigheid wat aangeleer word, wat nie ook die verlangde kommunikatiewe en gepaardgaande probleemoplossingsvaardighede insluit nie, glad nie as 'n basis vir verdere verbetering nie. Vaardighede volgens Lewe (2000) kan dus nie in 'n vakuum aangeleer word nie, maar taal- en getalgebaseerde vaardighede wat help met funksionele geletterdheid, kreatiewe denke en probleemoplossing moet deurgaans in die leerproses geïntegreer word en nie apart aangebied word soos in die verlede nie.

2.2.2 Volwassene-leer

Leer en onderrig vorm die basis van onderwys. Leer impliseer 'n verandering in 'n leerder se gedrag wat min of meer permanent, en wel die gevolg van die leerervaring is

(Jarvis,1990). Die vraag oor hoe volwassenes leer, word ook deur Jarvis (1990) verder verduidelik as die proses waar twee fasette, naamlik leer en onderrig, wat die leersiklus verteenwoordig, in wisselwerking met mekaar staan. 'n Sekere seleksie van kultuur wat aan die leerder oorgedra word, kan as die onderrigsbenadering beskou word en die leerder se seleksie van kultuur kan dan as die leerdergesentreerde leer beskou word.

Die *self* staan sentraal in die leerproses (Luckmann,1967). Tot onlangs is geglo dat as 'n mens biologiese volwassenheid bereik hy 'n plato ten opsigte van leer bereik, maar Allman (1983) se studies toon aan dat volwassenheid nie die eindproduk van kind tot adolessent is nie, maar dat lewenslange opvoeding (en opleiding) 'n manier word om volwasewording te fasiliteer en dat 'n mens dus nooit ophou met leer nie.

Haywood (1993) onderskei verskillende fases/stadia in die biologiese ontwikkeling van die mens:

Ontwikkelingsfase	Geraamde, kronologiese ouderdom
<i>Prenatale stadium</i>	
Embrio	2 tot 8 weke na bevrugting
Fetus	8 weke tot geboorte
<i>Neonale stadium</i>	Geboorte tot 4 weke
<i>Kleinkinderstadium / baba (infancy)</i>	Geboorte tot 1 jaar
<i>Kinderstadium</i>	
Peuter	1 tot 2 jaar
Kleuter	2 tot 6
Middelkinderjare / pre-adolessensie	6 tot 10 jaar (aanvang van puberteit)
<i>Adolessensie</i>	Vanaf puberteit tot volwassenheid
Dogters	8 of 10 tot 18
Seuns	10 of 12 tot 20
<i>Volwassenheid</i>	
Jong volwassenheid	18 tot 40
Middelvolwassenheid / middeljare	40 tot 60
Ouer volwassenheid / Bejaardheid	60 en ouer

Figuur 2.1: Fases in die biologiese ontwikkeling van die mens

In hierdie studie val die teikengroep volgens voorafgaande indeling in die ontwikkelingsfases van jong- en middelvolwassenheid.

'n Studie van Verner (1964) toon aan dat sekere fisiese vermoëns van die volwassene tóg afneem nadat dit 'n hoogtepunt in laat-kind / vroeë puberteit bereik het. Hierdie fisiese vermoëns sluit onder andere sensoriese vermoëns, krag, reaksietyd, seksuele kapasiteit, verandering in veltekstuur, spiertonus, en energie in. Verner wys verder daarop dat sekere fisiese verliese soos visuele skerpheid, gehoorskerpte, energieverlies, en probleme in homeostatiese aanpassing volwassene-leer erg kan beïnvloed.

Mezirow (1978) ontwikkel weer 'n teorie van perspektieftransformasie as die sentrale punt van volwassene-leer. Hy sien *betekenisperspektief* ewe belangrik vir die volwassene se leer as vir ontwikkeling van 'n kritiese bewussyn van vergange ervarings in teenswoordige konteks:

“A meaning perspective refers to the structure of cultural assumptions within which new experience is assimilated to - and transformed by one's past experience. It is a personal paradigm for understanding ourselves and our relationships” (Mezirow, 1981: 4).

Edwards *et al.* (1996) brei verder op hierdie teorie uit en sê dat 'n mens deur sosialisering betekenispektiewe van sy kultuur verwerf, maar dat die mens 'n geneigdheid het om krities bewus te word van sy perspektiewe, en om hulle te verander. Mezirow (1981) maak aanspraak daarop dat daar 'n verskil is tussen om bewus te word van ons bewus-wees, en om krities te wees teenoor daardie bewus-wees.

Perspektieftransformasie impliseer dus om krities denkend te word teenoor die kulturele aanvaarding, wat die manier waarop 'n volwassene dink, voel, en optree, beheer. Mezirow (1981) sien die kritiese denke, veral teoretiese, kritiese denke, by uitstek as 'n volwassene vermoë (kapasiteit) wat bereik word deur perspektieftransformasie. Dit is die leidende paradigma vir die fasiliteerders van volwassenes.

Opsommend oor volwassene-leer kan dus gesê word dat dit deur 'n vervorming, 'n gedaanteverwisseling in perspektief gekenmerk word, en dat hierdie perspektief deur sosialisering en kritiese denke teenoor ingeprinte, kulturele patrone verander word.

Vervolgens word na enkele verskille tussen volwassene-leer en kinderleer gekyk.

2.2.3 Die verskil tussen volwassene-leer en kinderleer

Knowles (1980) was die eerste persoon wat volwassene-leer (andragogie) gedefinieer het as die kuns en wetenskap om volwassenes te help leer. Hy wys verder op die vier basiese verskille tussen andragogie en pedagogie (kinderleer):

- ◆ *'n verandering in die selfkonsep*: volwassenes is meer selfgedrewe / self-riktig-gewend (*self-directed*);
- ◆ *ondervinding*: volwassene individue het reeds 'n uitgebreide reservoir van ondervinding wat 'n ryk hulpbron in leer is;
- ◆ *leergereedheid*: volwassenes wil graag leer in die probleemareas waarmee hulle gekonfronteer word, asook oor probleemareas wat vir hulle relevant is; en
- ◆ *oriëntasie tot leer*: volwassenes het 'n probleemgesentreerde benadering tot leer en daarom minder geneig tot beroepsgesentreerdheid.

Hierdie onderskeiding tussen volwassene-leer en kinderleer het vele debatte te weeg gebring. Onder andere sien Day en Baskett (1982) Knowles se onderskeiding as humanisties, en bestempel sy teorie as 'n opvoedkundige ideologie wat op 'n waninterpretasie van pedagogie gegrond is. Leer vind dus nie veel anders by volwassenes as by kinders plaas nie.

Edwards *et al.* (1996) raak oor die teorie van andragogie versus pedagogie tot die slotsom dat daar weinig in teorie verskil, maar dat die grootste verskil in die praktyk lê. Hy voer ook aan dat 'n volwassene nie noodwendig meer ervaring oor sekere aspekte het omdat hy langer geleef het nie. Hy meen ook dat daar wel *verskille tussen kinderleer en volwassene-leer* is, maar dat daardie verskille slegs op *kultuur, samehang (dit wat vir hom relevant is)* en *mag* berus.

Uit voorafgaande blyk dit dat volwassene-leer sterk deur die leerder se vermoë om sy perspektief te verander (perspektieftransformasie), maar ook deur die afname in sekere fisiese vermoëns beïnvloed word. Daarbenewens blyk dit dat by die volwassene kultuur, relevansie en belangstelling ook 'n groot rol by die aanleer van nuwe vaardighede speel.

Kognitiewe leer van die volwassene teenoor die kind moet ook uit neurowetenskaplike perspektief betrag word om wanopvattinge by opvoeders uit die weg te ruim. Die jongste navorsing van Bruer (1999) in die neurowetenskap word in 'n artikel van Sticht (2000) bespreek waarin die volgende drie stellings bewys word:

- ◆ *Verrykende omgewings tydens vroeë-kinderjare laat sinapse nie noodwendig vinniger verdik nie; die graad van sinapsontwikkeling en sinapsdigtheid blyk onvatbaar vir hoeveelheid stimulasie te wees.*
- ◆ *Meer sinapse beteken nie meer breinkrag nie aangesien sinapsdigtheid by geboorte en adolessensie ongeveer dieselfde is, maar die volwassene vertoon verreweg meer intelligent, leer vinniger as kinders en het hoog aanpasbare gedrag.*
- ◆ *Daar is egter nog geen direkte verwantskap tussen hoë sinapsgetalle en die vermoë om te leer, aangetoon nie.*

Vir die ABET-opleiers het hierdie navorsing besondere betekenis, want dit bewys dat agtergeblewe volwassenes se intelligensie nie noodwendig deur verwaarloosde kinderjare aangetas word nie. Die beperkende faktor in woordeskatuitbreiding is die gebrek aan blootstelling aan nuwe woorde, feite en ervarings. Die brein word te eniger tyd gestimuleer deur blootstelling, ongeag ouderdom.

Met hierdie bevindinge kan die ABET-opleier met reg vra waarom regerings dan nie meer geld aan volwassene opleiding bestee nie; dit blyk vir enige land net voordelig te wees om in volwassene onderrig te belê.

2.2.4 Die agterstand in ontwikkeling van vaardighede by die agtergeblewe, volwassene-leerder

Baie agtergeblewe volwassenes het 'n spesifieke agterstand van baba tot adolessent ontwikkel en sekere probleme het ontstaan byvoorbeeld **wordingsprobleme** soos te bespeur in taal en motoriese vermoëns, sowel as **leerprobleme** (Kapp, 1990). Sekere vaardighede wat reeds in hierdie ontwikkelingsstadium aangeleer moes word, soos senso-motoriese vaardighede (0 tot 2 jaar) het agterweë gebly.

*Verskil tussen natoetstellings van proef- en **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se gemiddelde tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep beduidend swakker geprester het as die kontrolegroep ($p = 0.001$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir die Responsspoedtoets**

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **Proefgroep** (sien tabel 4.2 en grafiek 1):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die Responsspoedtoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafiek 1 grafies voorgestel. Die statistiek toon aan dat 21 uit die 30 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde verswakking van 26.48% is. Uit tabel 4.2 blyk dit ook dat daar 'n betekenisvolle afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.001$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram beduidend laer as vóór blootstelling is.

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **Kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafiek 2):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die Responsspoedtoets vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafiek 2 grafies voorgestel. Die statistiek toon aan dat 22 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde verswakking van 14.93% is. Dit blyk ook dat daar 'n betekenisvolle verswakking in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.001$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep sonder blootstelling aan die oefenprogram ook beduidend laer in die natoets as die voortoets is.

Opsommend oor die Responsspoedtoets kan gemeld word dat daar by beide groepe 'n afname in prestasie tussen voor- en natoets gevind is en dit die proefgroep, ten spyte van die oefenprogram wat gevolg is, die swakste geprester het.

4.3 DATA-ANALISE: VISUEEL- MOTORIESE TOETS (SUBTOETS 7)

4.3.1 Knip 'n sirkel uit met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1)

⇒ **Voortoets** van die uitknip van 'n sirkel met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1)

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 3.90. Waar 'n maksimumtelling van 4 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram amper gelyk aan die maksimumtelling is. Die voortoetstelling is 98% van die maksimumtelling.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 4.00 is. Die telling is gelyk aan die maksimumtelling.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.184$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 4 wat ook die maksimumtelling is, is dus onbeduidend beter as die 3.9 van die proefgroep.

⇒ **Natoets van die uitknip van 'n sirkel met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 3.33. Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is dus 83% van die maksimumtelling.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets vir die reponsspoedtoets 3.90 is. Die natoetstelling is 98% van die maksimumtelling.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se gemiddelde tellings in die natoets vergelyk word, die kontrolegroep beduidend beter presteer het as die proefgroep ($p = 0.032$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir die uitknip van 'n sirkel met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2 en grafieke 3 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die uitknip van 'n sirkel met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1) vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 3 en 19 grafies voorgestel. 6 uit die 30 proefpersone het swakker in die natoets as in die voortoets gevaar, wat 'n gemiddelde verswakking van 15% in tellings te weeg bring. Dit blyk verder ook dat daar 'n beduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.035$). Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is beduidend laer as vóór blootstelling.

In grafiek 3 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat vier uit die ses proefpersone wat laer in die natoets presteer het 'n 0-telling gehad het.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die *kontrolegroep* (sien tabel 4.2 en grafieke 4 en 20):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die uitknip van 'n sirkel met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.1) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 4 en 20 grafies voorgestel. 3 uit die 32 proefpersone het swakker in die natoets as in die voortoets gevaar, wat 'n gemiddelde verswakking van 2% is. In grafiek 4 word aangetoon dat die ander 19 proefpersone almal die maksimumtelling ook in die natoets behaal het. Uit tabel 4.2 blyk dit duidelik dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.083$.) Die effense daling in telling van die kontrolegroep is nie beduidend laer in die natoets as in die voortoets nie.

4.3.2 Trek 'n lyn binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2)

⇒ **Voortoets van 'n lyn trek binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2)**

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 3.07. Waar 'n maksimumtelling van 4 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram hoër as die helfte is. Die voortoetstelling is 77% van die maksimumtelling.

*Voortoets van *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 3.91 is. Die voortoetstelling is 98% van die maksimumtelling en dus hoër as die proefgroep voordat laasgenoemde 'n ontwikkelingsprogram gevolg het.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit die resultate van tabel 19 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets beduidend van mekaar verskil het ($p = 0.005$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 3.91 is dus beduidend beter as die 3.07 van die proefgroep.

⇒ **Natoets** van 'n lyn trek binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2)

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 3.87. Hierdie natoetstelling is 97% van die maksimumtelling van 4.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets vir die trek van 'n lyn binne 'n kronkelpad (subtoetsitem 7.2) 3.31 is. Hierdie natoetstelling is 83% van die maksimumtelling van 4.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 kan die afleiding gemaak word dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep beduidend beter geprester het as die kontrolegroep ($p = 0.022$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir 'n lyn trek binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2 en grafieke 5 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (Subtoetsitem 7.2) vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 5 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek (tabel 8 en grafiek 5) toon aan dat 10 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde verbetering van 33% te weeg bring. In grafiek 5 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat die 18 proefpersone wat nie verbeter het nie, alreeds die maksimumtelling bereik het.

Dit blyk verder ook uit tabel 4.2 dat daar 'n beduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.005$). Die gemiddelde telling van die proefgroep is ná blootstelling aan die oefenprogram beduidend hoër as vóór blootstelling.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die kontrolegroep (sien tabel 4.2 en grafieke 6 en 20):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn binne 'n kronkelpad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.2) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 6 en 20 grafies voorgestel. Die statistiek toon aan dat 8 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde verswakking van 15% is. In grafiek 6 word aangetoon dat die ander 24 proefpersone almal die maksimumtelling ook in die natoets behaal het en dat daar 'n betekenisvolle afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.009$). Die gemiddelde telling van die kontrolegroep sonder blootstelling aan die oefenprogram is ook beduidend laer in die natoets as in die voortoets.

4.3.3 Trek 'n lyn langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.3)

⇒ **Voortoets** van 'n lyn trek langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.3)

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 2.83. Waar 'n maksimumtelling van 4 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram hoër as die helfte is, naamlik 71% van die maksimumtelling.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 3.72 is. Die voortoetstelling van die kontrolegroep is 93% van die maksimumtelling.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2, blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets beduidend van mekaar verskil het ($p = 0.004$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 3.72 is dus beduidend hoër as die 2.83 van die proefgroep.

⇒ **Natoets** van 'n lyn trek langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (Subtoets item 7.3)

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 3.90. Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram, is byna gelyk aan die maksimumtelling, naamlik 98%.

Natoets van *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep van 'n lyn trek langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (Subtoetsitem 7.3) in die natoets 2.78 is. Die natoetstelling is 70% van die maksimumtelling van 4.

Verskil tussen natoetstellings van *proef-* en *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep beduidend beter geprester het as die kontrolegroep (die $p = 0.001$.)

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir 'n lyn trek langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.3)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die *Proefgroep* (sien tabel 4.2 en grafieke 7 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (Subtoetsitem 7.3) vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 7 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek (grafiek 7) toon aan dat 16 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde verbetering van 38% te weeg bring. In grafiek 7 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat 13 persone wat nie verbeter het nie alreeds die maksimumtelling bereik het en slegs een proefpersoon se natoetstelling was laer as die voortoetstelling.

Daar het 'n beduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind ($p = 0.001$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram beduidend hoër as vóór blootstelling is.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die *Kontrolegroep* (sien tabel 4.2 en grafieke 8 en 20):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn langs 'n reguit pad met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.3) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 8 en 20 grafies voorgestel. 15 uit die 32 proefpersone het swakker in die natoets as in die voortoets gevaar wat 'n gemiddelde verswakking van 25% is. In grafiek 8 word aangetoon dat 14 proefpersone, ongeveer die helfte van die kontrolegroep almal die maksimumtelling ook in die natoets behaal het, een proefpersoon dieselfde telling in die voor- en natoets behaal het en een proefpersoon beter in die natoets presteer het. Daar het 'n betekenisvolle afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind ($p = 0.001$) wat aantoon dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep beduidend laer in die natoets as in die voortoets is.

4.3.4 Trek 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4)

⇒ **Voortoets vir 'n lyn trek langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4)**

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 1.53. Waar 'n maksimumtelling van 4 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 38% van die maksimumtelling is.

*Voortoets van *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 3.50 is. Die voortoetsstelling is 88% van die maksimumtelling.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets beduidend van mekaar verskil het ($p = 0.001$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 3.50 is dus beduidend hoër as die 1.53 van die proefgroep.

⇒ **Natoets** vir 'n lyn trek langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4)

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 3.03. Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is byna 75% van die maksimumtelling van 4.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep van die trek van 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4) 1.47 in die natoets is. Hierdie natoetstelling is 37% van die maksimumtelling.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2, blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep beduidend beter presteer het as die kontrolegroep ($p = 0.001$).

/sien volgende bladsy.../

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir 'n lyn trek langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2 en grafieke 9 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4) vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 9 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek in grafiek 9 toon aan dat 20 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde verbetering van 98% te weeg bring. In grafiek 9 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat 10 persone wat nie verbeter het nie, dieselfde toetstellings in die voor- en natoets behaal het.

Daar het ook 'n beduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind ($p = 0.001$). Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is beduidend hoër as vóór blootstelling .

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 10 en 20):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die trek van 'n lyn langs 'n pad met kurwes met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.4) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 10 en 20 grafies voorgestel. 26 uit die 32 proefpersone het swakker in die natoets as in die voortoets gevaar wat 'n gemiddelde verswakking van 58% is. In grafiek 10 word aangetoon dat 5 proefpersone die maksimumtelling ook in die natoets behaal het. Uit tabel 4.2 blyk dit duidelik dat daar 'n betekenisvolle afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.001$). Die gemiddelde telling van die kontrolegroep is beduidend laer in die natoets as in die voortoets.

4.3.5 Teken 'n sirkel met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.5)

⇒ **Voortoets** van 'n sirkel oorteken met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.5)

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 2.00. Waar 'n maksimumtelling van 2.00 behaal kan word, is die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram gelyk aan die maksimumtelling.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 1.97 is. Die voortoetstelling is 99% die maksimumtelling.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.325$). Die proefgroep se gemiddelde voortoetstelling van 2 is dus onbeduidend hoër as die 1.97 van die kontrolegroep.

⇒ **Natoets** van 'n sirkel oorteken met die voorkeurhand (subtoets item 7.5)

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 1.97. Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram, is 99% van die maksimumtelling.

Natoets van *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep 1.88 in die natoets is. Hierdie natoetstelling is 94% van die maksimumtelling.

Verskil tussen natoetstellings van *proef-* en *kontrolegroep* (sien tabel 19):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep onbeduidend beter geprester het as die kontrolegroep (die $p = 0.267$.)

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep van 'n sirkel oorteken met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.5)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die *proefgroep* (sien tabel 4.2 en grafieke 11 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 11 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek in grafiek 11 toon aan dat 1 uit die 30 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde afname 2% te weeg bring. 29 persone wat nie verbeter het nie, het dieselfde toetstellings in die voor- en natoets behaal, naamlik die maksimumtelling van 2.

Uit tabel 4.2 word afgelei dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.325$). Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is dus onbeduidend laer as vóór blootstelling.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die *kontrolegroep* (sien tabel 4.2 en grafieke 12 en 20):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van die oorteken van 'n sirkel (Subtoetsitem 7.5) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 12 en 20 grafies voorgestel. Die statistiek toon aan dat 3

uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde afname van 5% is. In grafiek 12 word aangetoon dat 29 proefpersone die maksimumtelling ook in die natoets behaal het. Uit tabel 4.2 blyk dit dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.263$). Die gemiddelde telling van die kontrolegroep sonder blootstelling aan die oefenprogram is onbeduidend laer in die natoets as in die voortoets.

4.3.6 Teken 'n driehoek met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.6)

⇒ **Voortoets** van 'n driehoek oorteken met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.6)

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 1.93. Waar 'n maksimumtelling van 2 behaal kan word, is die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 97% van die maksimumtelling.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 1.94 is. Die voortoetstelling van die kontrolegroep is ook 97% van die maksimumtelling van 2.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.963$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 1.94 is dus onbeduidend hoër as die 1.93 van die proefgroep.

⇒ **Natoets** van 'n driehoek oorteken met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.6)

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabelle 4, en 12 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 1.87. Dit blyk dus dat die gemiddelde telling

van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram byna 94% van die maksimumtelling is.

*Natoets van **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 1.81 is. Hierdie natoetstelling is 91% van die maksimumtelling.

*Verskil tussen natoetstellings van **proef-** en **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep onbeduidend beter geprester het as die kontrolegroep ($p = 0.700$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep van 'n driehoek oorteken met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.6)**

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **proefgroep** (sien tabelle 8 en 12, en grafieke 13 en 19):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 13 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek in grafiek 13 toon aan dat een uit die 30 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde daling van 3% te weeg bring. In grafiek 13 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit ook duidelik dat die ander 29 persone wat nie verbeter het nie, alreeds die maksimumtelling bereik het.

Verder ook is dit duidelik dat daar 'n onbeduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.325$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram onbeduidend hoër as vóór blootstelling is.

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 14 en 20):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets van 'n driehoek oorteken met die voorkeurhand (Subtoetsitem 7.6) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 14 en 20 grafies voorgestel. Die statistiek in tabel 9 toon aan dat 3 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het wat 'n gemiddelde afname van 6% is. In grafiek 14 word aangetoon dat slegs hierdie 3 proefpersone nie die maksimumtelling ook in die natoets behaal het nie. Uit tabel 15 blyk dit duidelik dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.325$). Die gemiddelde telling van die kontrolegroep is sonder blootstelling aan die oefenprogram onbeduidend laer in die natoets as in die voortoets.

4.3.7 Teken 'n horisontale diamant met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.7)

⇒ **Voortoets vir die oorteken van 'n horisontale diamant met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.7)**

*Voortoets van **proefgroep** (sien tabel 4.2):*

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 1.40. Waar 'n maksimumtelling van 2 behaal kan word, is die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 70% van die maksimumtelling.

*Voortoets van **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 1.72 is. Die voortoetsstelling van die kontrolegroep is 86% van die maksimumtelling.

*Verskil tussen voortoetsstellings van **proef-** en **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets beduidend van mekaar verskil het ($p = 0.071$). Die kontrolegroep se

gemiddelde voortoetstelling van 1.7 is dus beduidend hoër as die 1.4 van die proefgroep.

⇒ **Natoets vir die oorteken van 'n horisontale diamant met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.7)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 1.50. Die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is dus 75% van die maksimumtelling.

*Natoets van **kontrolegroep** (sien tabelle 12):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 1.56 is. Hierdie natoetstelling is ook 75% van die maksimumtelling.

*Verskil tussen natoetstellings van proef- en **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die kontrolegroep onbeduidend beter gepresteer het as die proefgroep (die $p = 0.717$.)

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir die oorteken van 'n horisontale diamant met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.7)**

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **proefgroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 15 en 19):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabelle 8 en 12 aangetoon is, word in grafieke 15 en 19 grafies voorgestel. Die statistiek in grafiek 15 toon aan dat 8 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde verbetering van 3% te weeg bring. In grafiek 15 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat slegs 6 proefpersone se prestasies afgeneem het.

Dit blyk verder ook uit dat daar 'n onbeduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.447$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram onbeduidend hoër as vóór blootstelling is.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 16 en 20):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die oorteken van 'n horisontale diamant met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.7) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 16 en 20 grafies voorgestel. Die statistiek toon aan dat 8 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde afname van 9% is. In grafiek 16 word aangetoon dat 3 proefpersone beter in die natoets gevaar het en 18 proefpersone die maksimumtelling ook in die natoets behaal het. Daar het 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind ($p = 0.447$).

4.3.8 Teken twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand oor (subtoetsitem 7.8)

⇒ **Voortoets vir die oorteken van twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.8)**

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 1.13. Waar 'n maksimumtelling van 2 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram ietwat hoër as die helfte (57%) van die maksimumtelling is.

*Voortoets van **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie, in die voortoets 1.25 is. Die voortoetsstelling van die kontrolegroep is 63% van die maksimumtelling.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.581$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 1.25 is dus onbeduidend hoër as die 1.13 van die proefgroep.

⇒ **Natoets vir die oorteken van twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.8)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 1.13. Dit blyk dus dat die gemiddelde natoetstelling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram 57% van die maksimumtelling is.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 1.28 is. Hierdie natoetstelling is 64% van die maksimumtelling.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die kontrolegroep onbeduidend beter geprester het as die proefgroep (die $p = 0.439$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir die oorteken van twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.8)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2 en grafieke 17 en 19):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 17 en 19 grafies voorgestel.

Die statistiek in grafiek 17 toon aan dat 5 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat geen gemiddelde verbetering te weeg gebring het nie. In grafiek 15 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat 9 proefpersone se prestasies afgeneem het; die res van die proefpersone se prestasies het onveranderd gebly.

Dit blyk verder ook dat die voor- en natoetstellings identies is. Daar het dus geen beduidende verbetering of afname in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind nie ($p = 0.1$) en dit dui daarop dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram dieselfde as vóór blootstelling is.

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 18 en 20):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die oorteken van twee oorvleuelende potlode met die voorkeurhand (subtoetsitem 7.8).

vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 16 en 20 grafies voorgestel Die statistiek in tabel 9 toon aan dat 8 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde afname van 9% is. In grafiek 16, word aangetoon dat 3 proefpersone beter in die natoets gevaar het en 18 proefpersone die maksimumtelling ook in die natoets behaal het. Uit tabel 9 blyk dit duidelik dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.812$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep sonder blootstelling aan die oefenprogram onbeduidend laer in die natoets as in die voortoets is.

/sien volgende bladsy.../

4.4 DATA-ANALISE: BOONSTE LEDEMAATSCOED- EN -BEHENDIGHEIDSTOETS (SUBTOETS 8)

4.4.1 Plaas pennies in 'n houertjie met die voorkeurhand (Subtoetsitem 8.1)

⇒ **Voortoets vir plasing van pennetjies in 'n houertjie met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.1)**

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 5.40. Waar 'n maksimumtelling van 8 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 68% van die maksimumtelling is.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 5.97 is. Die voortoetstelling van die kontrolegroep is 75% van die maksimumtelling van 8.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets beduidend van mekaar verskil het ($p = 0.059$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 5.97 is dus beduidend hoër as die 5.4 van die proefgroep.

⇒ **Natoets vir plasing van pennetjies in 'n houertjie met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.1)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 6.60. Die gemiddelde natoetstelling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram is dus 83% van die maksimumtelling.

Natoets van *kontrolegroep* (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 5.84 is. Hierdie natoetstelling is 73% van die maksimumtelling van 8.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2)

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep beduidend beter presteer het as die kontrolegroep ($p = 0.027$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir plasing van pennetjies in 'n houertjie met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.1)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2 en grafieke 21 en 37):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 21 en 37 grafies voorgestel. Grafiek 21 toon aan dat 26 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde verbetering van 22% te weeg gebring het. In grafiek 21 waar die individuele proefpersone se prestasies aangetoon word, is dit duidelik dat slegs 2 proefpersone se prestasies afgeneem het; die orige 2 proefpersone se prestasies het onveranderd gebly.

Dit blyk verder ook uit tabel 4.2 dat daar 'n beduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.001$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram beduidend hoër as vóór blootstelling is.

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die kontrolegroep (sien tabel 4.2 en grafieke 22 en 38):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die plasing van pennetjies in 'n houertjie met die voorkeurhand (Subtoetsitem 8.1) vir die

kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 22 en 38 grafies voorgestel. Hierdie grafieke toon aan dat 14 uit die 32 proefpersone swakker in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde afname van 2% is. In grafiek 22 word aangetoon dat 9 proefpersone beter in die natoets gevaar het en 9 proefpersone dieselfde ook in die natoets behaal het. Uit tabel 4.2 blyk dit duidelik dat daar 'n onbeduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.525$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep sonder blootstelling aan die oefenprogram onbeduidend laer in die natoets as in die voortoets is.

4.4.2 Plaas pennies in twee houertjies met twee hande (subtoets item 8.2)

⇒ **Voortoets vir plasing van pennies in twee houertjies met twee hande (subtoetsitem 8.2)**

Voortoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 7.00. Waar 'n maksimumtelling van 10 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 70% van die maksimumtelling is.

Voortoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 7.16 is, wat 72% van die maksimumtelling is.

Verskil tussen voortoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.543$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetstelling van 7.16 is dus onbeduidend hoër as die 7 van die proefgroep.

⇒ **Natoets vir plasing van pennies in twee houertjies met twee hande (subtoetsitem 8.2)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

Soos uit tabel 4.2 afgelei word, is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 7.37, wat 82% van die maksimumtelling van 10 is.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 6.88 is. Hierdie natoetstelling is 76% van die maksimumtelling.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die proefgroep onbeduidend beter geprester het as die kontrolegroep (die $p = 0.126$).

⇒ **Vergelyking van die verskil in toetstellings tussen voor- en natoets van die Proef- en Kontrolegroep vir plasing van pennies in twee houertjies met twee hande (subtoetsitem 8.2)**

Verskil tussen voor- en natoetstellings van die proefgroep (sien tabel 4.2, en grafieke 23 en 37):

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die proefgroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 23 en 37 grafies voorgestel. Grafiek 23 toon aan dat 13 uit die 30 proefpersone beter in die natoets as in die voortoets gevaar het, wat 'n gemiddelde verbetering van 5% te weeg gebring het. In grafiek 23 is dit duidelik dat 4 proefpersone se prestasies afgeneem het en dat die orige 13 proefpersone se prestasies onveranderd gebly het.

Tabel 4.2 toon aan dat daar 'n onbeduidende verbetering in prestasie van die voortoets tot die natoets van die proefgroep plaasgevind het ($p = 0.696$). Dit blyk dus dat die gemiddelde telling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram, onbeduidend, maar tog hoër as vóór blootstelling is.

*Verskil tussen voor- en natoetstellings van die **kontrolegroep** (sien tabel 4.2 en grafieke 24 en 38):*

Die beskrywende statistiek van die vergelyking van die voor- en natoets vir die plasing van pennies in twee houertjies met twee hande (subtoetsitem 8.2) vir die kontrolegroep soos in tabel 4.2 aangetoon is, word in grafieke 24 en 38 grafies voorgestel. 11 uit die 32 proefpersone het swakker in die natoets as in die voortoets gevaar, wat 'n gemiddelde afname van 4% is. In grafiek 24 word aangetoon dat 4 proefpersone beter in die natoets gevaar het en 17 proefpersone dieselfde ook in die natoets behaal het. Uit tabel 4.2 blyk dit dat daar 'n beduidende afname in prestasie van die voortoets tot die natoets plaasgevind het ($p = 0.083$).

4.4.3 Sorteervormkaart met die voorkeurhand (Subtoetsitem 8.3)

⇒ **Voortoets vir sortering van vormkaart met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.3)**

*Voortoets van **proefgroep** (sien tabel 4.2):*

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde telling van die proefgroep in die voortoets 4.47. Waar 'n maksimumtelling van 10 behaal kan word, blyk dit dus dat die gemiddelde van die proefgroep vóór blootstelling aan die oefenprogram 45% van die maksimumtelling is.

*Voortoets van **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep wat nie aan 'n oefenprogram blootgestel was nie in die voortoets 4.78 is. Die voortoetsstelling van die kontrolegroep is 48% van die maksimumtelling.

*Verskil tussen voortoetstellings van **proef-** en **kontrolegroep** (sien tabel 4.2):*

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die prestasie van die proef- en kontrolegroep tydens die voortoets onbeduidend van mekaar verskil het ($p = 0.310$). Die kontrolegroep se gemiddelde voortoetsstelling van 4.78 is dus onbeduidend hoër as die 4.47 van die

proefgroep.

⇒ **Natoets vir sortering van vormkaarte met die voorkeurhand (subtoetsitem 8.3)**

Natoets van proefgroep (sien tabel 4.2):

As gekyk word na die beskrywende statistiek in tabel 4.2 is die gemiddelde toetstelling van die proefgroep in die natoets 4.43. Dit blyk dus dat die gemiddelde natoetstelling van die proefgroep ná blootstelling aan die oefenprogram 44% van die maksimumtelling van 10 is.

Natoets van kontrolegroep (sien tabel 4.2):

Tabel 4.2 toon aan dat die gemiddelde telling van die kontrolegroep in die natoets 4.44 is. Hierdie natoetstelling is 44% van die maksimumtelling van 10.

Verskil tussen natoetstellings van proef- en kontrolegroep (sien tabel 4.2)

Uit tabel 4.2 blyk dit dat as die kontrolegroep en die proefgroep se tellings in die natoets vergelyk word, die kontrolegroep onbeduidend beter presteer het as die proefgroep; die natoetstelling is feitlik gelyk aan mekaar (die $p = 0.990$).

